

## AFRIKAANS HT HUISWERK WEEK 3

27 APRIL - 1 MEI 2020

### MAANDAG

#### 1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.

*ie, ing, y*

#### 2. Leerders skryf die sinne oor en maak leestekens reg.

1. wanneer kom pappa huis toe
2. stop die kar gaan jou stamp skreeu juffrou
3. mamma pappa en ek gaan die julie vakansie durban toe
4. wanneer gaan dit reën
5. kom hier nou

#### 3. Verander die begin klank na die klank in hakkies om 'n nuwe woord te maak:

- m(s)aak \_\_\_\_\_
- m(st)aan \_\_\_\_\_
- n(k)ou \_\_\_\_\_
- h(m)uis \_\_\_\_\_




### DINSDAG

#### 1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van elk van die volgende.

*pie, ige, by*

#### 2. Skryf die nommer van die sin in die regte wolk.

- a. Oom Dirk en tannie San is bly om die kinders te sien.
- b. Hulle sal langs die pad stop om padkos te eet.
- c. Die kinders geniet dit om vir die diere kos te gee.
- d. Niemand wou huis toe gaan nie.
- e. Almal was baie moeg na die lang reis.



**Spelwoorde:** Skryf die -el woorde reg (bytel, ketel, stewel, wafel, winkel)

elfwa \_\_\_\_\_ elwets \_\_\_\_\_ eltek \_\_\_\_\_  
eltyb \_\_\_\_\_  
elkinw \_\_\_\_\_

### **3. Onderstreep die korrekte woord.**

My ouma (gewel / hekel) 'n mooi kombens.

In die winter dra ek 'n (gewel / stewel).

Dit (wemel / bedel) van die mense by die rugbywedstryd.

Draai die (deksel / gordel) van die bottel styf toe.

## **WOENSDAG**

### **1. Handskrif: Oefen 2 lyntjies van die volgende.**

*deftige, slordige, harige*

## 2. Teenoorgestelde vorm:

# MANLIK EN VROULIK

Naam en Van: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_

1. Skryf die Manlike Vorm (Male form) van die volgende woorde neer

1.1) tannie = \_\_\_\_\_ 1.6) niggie = \_\_\_\_\_

1.2) mamma = \_\_\_\_\_ 1.7) ooi = \_\_\_\_\_

1.3) broer = \_\_\_\_\_ 1.8) dogter = \_\_\_\_\_

1.4) hen = \_\_\_\_\_ 1.9) bruidegom = \_\_\_\_\_

1.5) vrou = \_\_\_\_\_ 1.10) buurvrou = \_\_\_\_\_



2. Skryf die Vroulike Vorm (Female form) van die volgende woorde neer

2.1) oupa = \_\_\_\_\_ 2.6) koning = \_\_\_\_\_

2.2) vader = \_\_\_\_\_ 2.7) hoofseun = \_\_\_\_\_

2.3) vriend = \_\_\_\_\_ 2.8) kelner = \_\_\_\_\_

2.4) held = \_\_\_\_\_ 2.9) bul = \_\_\_\_\_

2.5) skoonpa = \_\_\_\_\_ 2.10) mannetjie = \_\_\_\_\_

- Lees die volgende instruksies hard en duidelik vir jou kind.
- Elke instruksie word net een keer gegee.
- U kind gebruik die prent om die instruksies te voltooi. Die kind kan ook self die instruksies lees.

### Instruksies:

1. Daar is drie vissies in die dam.
2. Die boom aan die linkerkant het twee appels in.
3. 'n Kat sit op die bankie.
4. Onder die regterkantste boom groei daar vier blommetyjes.
5. Maak 'n sirkel om die wurm.
6. Kleur die besie rooi in.
7. Die dogtertjie het 'n tas in haar hand.
8. Agter die dogtertjie sit 'n hasie.
9. Die voel wat bo-oor die dammetjie vlieg is geel.
10. Onder die bankie groei lang groen grasse.



## DONDERDAG

### 1. Handskrif: Skryf die volgende stuk oor in lopende skrif:

#### San en die kraai.

San lê op haar bed en lees. Sy gaap en vinnig is San in droomland. San droom sy sit op 'n groot kraai se rug. Hulle swaai en draai en vlieg na Mosselbaai. Daar ver onder in die baai sien San 'n kwaai haai. "Ek is bly, ek is nie sy ma, want dan sou ek hom moes paai." sê San vir kraai. Die kraai swaai en draai, hulle vlieg oor die kaai. Die kraai land op die kaai. San sien hoe hulle koring op 'n vragskip laai. Die kraai eet heerlik aan 'n taai vrug. San klim weer op kraai se rug en weg is hulle. Oor die kaai waar hulle koring laai. Oor die kwaai haai wat San nie wil paai. San waai vir die haai. "San!" roep ma. San skrik wakker. Dit was darem 'n lekker droom, dink San.

Teken 'n spraakborreltjie en skryf al die aai woorde daarin.



### 2. Spelwoorde: Leer jou spelwoorde vir môre se toets.

-el: aan einde van die woord

ketel wafel stewel bytel gordel

winkel hekel bedel deksel wemel

### 3. Kyk na die boks en beantwoord die vrae.



1. Wat probeer die advertensie verkoop?
2. Wat sal jy met die stooitjies drink?
3. Hoeveel stooitjies is daar in die boks?
4. Watter dier is op die boks?
5. Wat kan jy kry as jy 8 "tokens" pos?
6. Wie dink jy sal van die stooitjies hou?
7. Hoekom dink jy sal hulle daarvan hou?
8. Sal jy van die strooitjies koop? Hoekom/Hoekom nie?

## **VRYPDAG**

Jy skryf speltoets vandag, sterkte!

### **Lees die leesstuk goed deur.**

#### **Japie Greyling**

Japie Greyling se pa en sy twee ouer broers was op kommando om teen die Engelse te veg. Japie, sy ma en susters het alleen op die plaas agtergebly.

Een aand het sy pa en die kommando op die plaas oorgeslaap. Een van die plaaswerkers het hulle kom waarsku dat die Engelse op pad is. Die boere het op hulle perde gespring en weggejaag. Nie lank daarna nie, het die Engelse op die plaas aangekom. Die Engelse kaptein wou by Japie weet waar die boere is, maar hy het geweier om hulle te verrai.

Die kaptein het Japie teen die muur laat staan en ses soldate het hulle gewere op hom gerig. Hy het Japie weer gevra waar die boere is, maar Japie het geskreeu: "EK SAL NIE SÊ NIE!!" Dit was doodstil, die soldate het hulle gewere laat sak en die kaptein het na Japie toe geloop. Hy het Japie se hand geskud en gesê hy is 'n held. Die Engelse het op hulle perde geklim en weggery.